Maandag

Mat.1: 18 – 2:1; 6: 9 – 12; 18: 21 – 35; 28: 16 – 20; Ps. 115: 2 -9. Teks Matteus 1: 21 “Sy sal ŉ Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.” Tema: 'Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis.' Die kind wat uit Maria gebore word, sonder dat sy en Josef omgang gehad het, se Naam is Jesus en Immanuel. Jesus beteken Verlosser en Immanuel beteken God met ons. Dit is die Kersaankondiging van die engel aan Josef! Hierdie Seun is Jesus, Immanuel: Verlosser, God met ons! Jesus kondig Homself volgens hierdie twee benamings aan in Mat. 28: 16 – 20 in sy verskyning aan sy dissipels na sy opstanding uit die dood uit. Hy is Jesus – aan Hom is alle mag op hemel en op aarde gegee om al die sondes van sondaars heeltemal weg te vat en vir hulle wie se sondes Hy weggevat het, is Hy, terselfdertyd Immanuel, self God met hulle - tot aan die voleinding van die wêreld! Hoe Jesus sy kerk van hulle sonde verlos openbaar die Here in sy antwoord op Petrus se vraag oor hoeveel keer gaan mense binne die koninkryk van Jesus vir sondes vergewe word. Petrus wil weet hoe gaan vergifnis werk binne die nuwe koninkryk wat Jesus in Jerusalem gaan oprig en vra: “Here, hoeveel keer moet ek my broer iets vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?” Jesus se antwoord is: Nie sewe keer nie, maar sewentig maal sewe keer!” Petrus weet dat vergifnis in die Here Jesus se koninkryk anders gaan werk as wat die Fariseërs en Sadduseërs se vergifnis werk. Hy dink dat Christus gaan sy volgelinge twee keer meer as die Jode vergifnis van God toestaan. Binne die Joodse vergifnis word dieselfde sonde twee of drie keer vergewe. Dan is daar vir dieselfde sonde nie meer vergifnis nie. Petrus vra of Christus hulle meer as dubbel soveel keer vir dieselfde sonde vergifnis sal toestaan. Christus stel dan dat binne Sý koninkryk sal mense sonder enige beperking vir dieselfde oortreding waarmee hulle sondig, aanhoudend vergewe word. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Mat.1: 18 – 2:1; 6: 9 – 12; 18: 21 – 35; 28: 16 – 20; Ps. 115: 2 -9. Teks Matteus 1: 21 “Sy sal ŉ Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.” Tema: 'Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis.' Die kontras tussen Petrus se 7 keer en Jesus se 490 keer vergewe, is nie ŉ verskil net in hoeveel keer dieselfde vergifnis gegee word nie. Die kontras in getalle wys dat Christus se vergifnis is iets totaal anders as die vergifnis wat geestelikes ons namens God toestaan. Met die gelykenis in Mat. 18 wys Christus dat Hy ons verlos van sonde deur ons alle sondeskuld kwyt te skeld, net deur sy genade. Die vergifnis van Jode en geestelikes is nie kwytskelding van skuld nie, maar vergifnis nadat jy jou eie skuld SELF reggemaak het, net soos die medeslaaf eers uit die tronk kon gekom het toe hy die verskuldige bedrag terugbetaal het. Christus se vergifnis is om ons van alle sondeskuld deur sy kruisiging, sterwe en godsverlatenheid eens en vir altyd te verlos. (Mat. 26 – 28) Sy vergifnis is om God met ons te wees in sy genade, barmhartigheid, goedheid, liefde en getrouheid, en nooit as God teenoor ons afsydig

of vir ons afwesig te wees nie, al doen ons nog sonde. Waar die Jode, Petrus en geestelikes vir mense vergifnis namens God toestaan, is dit ’n vergifnis sonder die verlossing van Jesus wat God met ons in sy liefde is. In húlle tipe vergifnis moet jy eers self jou sondeskuld en jou verhouding met God, wat teenoor jou afsydig en vir jou afwesig sou wees omdat jy weer gesondig het regmaak, voor jy vergifnis kan kry. Doen jy dit nie, is God volgens hulle die een wat met sy afsydigheid en afwesigheid jou gryp, wurg, en gevange neem totdat jy jou saak met God self regmaak. Maar waar Christus Verlosser en Immanuel is, is daar geen skuld nie en is Hy God met ons in sy liefde terwyl ons sonde bly doen. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag
Mat.1: 18 – 2:1; 6: 9 – 12; 18: 21 – 35; 28: 16 – 20; Ps. 115: 2 -9. Teks Matteus 1: 21
Tema: 'Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis.' Wát vra ons en hóé vra ons vir Jesus Christus om vergifnis wat ons al ons sondeskuld kwytgeskeld hét en altyd God met ons in sy liefde ís? Wat ons vra, sien ons in die kontras van
a. wie God volgens sy verbondstrou is,
teenoor
b. hoe mense God ’n afgod maak soos byv. in Ps. 115.
Die afgode wat mense opmaak om sonde te doen, het monde, maar kan nie praat nie, het oë, maar kan nie sien nie, het ore, maar kan nie hoor nie, het hande en voete, maar kan nie voel of loop nie. Dit is soos kleuters wat voor hulle ouers verkeerd doen, terwyl hul ouers sê hulle moenie, verkeerd doen. Hulle maak hul ouers in hul eie gemoed afwesig om verkeerd te doen! Net so maak ons God afwesig en afsydig om sonde te kan doen, terwyl Hy God met ons in sy liefde is.
Wanneer ons Jesus Christus om vergifnis vra,
* vra ons Hom om nie die afgod te wees wat ons van Hom maak nie, maar om vir ons Immanuel TE WEES, in ons sonde;
* ons vra om met ons deur sy Woord te PRAAT en nie stil te wees nie; ons vra om ons raak te SIEN in sy genade en nie die blinde God te wees wat ons Hom maak nie;
* ons vra om ons te HOOR wanneer ons Hom aanroep en nie die dowe God te wees wat ons Hom maak nie;
* ons vra om altyd van ons BEWUS te wees en nie die God te wees wat van niks weet wat ons Hom maak nie;
* ons vra om altyd vir ons te kom help en met ons besig te wees en nie die handelose en voetlose God te wees wat ons Hom maak nie.
DIE VRAAG OM VERGIFNIS IS OM GOD TE VRA OM GOD MET ONS TE WEES.
Hoekom vra ons dit?
1. omdat ons hartseer is omdat ons maak asof Hy die kil, afsydige en afwesige God is wie Hy nooit vir ons is nie,
2. omdat ons Hom liefhet omdat Hy altyd net vir ons God met ons bly en
3. omdat ons net weer van Hom bevestiggend wil hoor dat Hy altyd net God met ons

sal wees – Immanuel! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag
Mat.1: 18 – 2:1; 6: 9 – 12; 18: 21 – 35; 28: 16 – 20; Ps. 115: 2 -9. Teks Matteus 1: 21 Tema: 'Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis.' Vandag se geestelikes vra nie om vergifnis omdat hulle van sondeskuld verlos is en God altyd met hulle in sy liefde bly nie. Hulle meen en leer dat God straf en kil afsydig is. Daarom vra hulle vergifnis as skuldige mense voor God wat self hul skuld regmaak en wil hulle van God se kilheid, afsydigheid en afwesigheid, verlos word. Daarom leer hulle dat om vergifnis te vra is nie maar net ŉ vraag nie en vergifnis ontvang is nie maar net iets wat sommer net gegee word nie. Deur vergifnis te vra moet jy jou sondeskuld regmaak en jou verhouding met God weer regkry. Daarom moet jy op die regte manier om vergifnis vra! Hoe vra jy op hierdie sogenaamde regte manier om vergifnis? Só: jy moet eers WYS dat jy regtig jammer is, dat jy WEET hoe sleg jy is; jy moet BELOOF om alles te gaan reg maak; (mense noem dit vandag restitusie). Wanneer jy SÓ op die regte manier vra, dan vat God jou skuld weg omdat jy reg gevra het! Daarna moet jy nog jou hart en lewe vir God gee, jou eie-ek kruisig, jou selfwees doodmaak, en self innerlik niks wees nie dan sal God Hom uit sy kil afsydigheid en afwesigheid wegkeer vir jou en weer met sy liefde Hom binne in jou lewe en hart inkeer. Hoeveel keer kan jy só om vergifnis vra vir dieselfde sonde voordat jy en God weet jy kan nooit doen wat jy onderneem nie? So sewe keer!? Maar ná sewe keer weet jy en God dat alles wat jy sê wanneer jy só om vergifnis vra, leeg en nuttelose gemompel is. MAAR... wanneer jy egter verlos van sondeskuld om vergifnis vra
* nét omdat jy hartseer vir wat jy met God doen wat jou (reeds en steeds) liefhet,
* nét wil sê jy is lief vir God wat in jou sonde met jou in sy liefde bly
* en nét wil hoor dat Hy vir jou God sal bly en nie jou afgod sal word nie,
dan kan jy onbeperk aanhoudend om vergifnis vra en aanhoudend hoor God vergeef jou. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag
Mat.1: 18 – 2:1; 6: 9 – 12; 18: 21 – 35; 28: 16 – 20; Ps. 115: 2 -9. Teks: Matteus 1: 21 "Sy sal ŉ Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." Tema: 'Omdat Jesus God met ons is, vra en ontvang ons as verlosde mense van God en van mekaar vergifnis.' Met die bede: "En vergeef ons ons skulde omdat ons ook hulle vergeef wat teenoor ons skuldig staan", leer Christus ons hoe om Hom as Immanuel en Verlosser te aanbid. Ons gee en ontvang van mekaar vergifnis as mense wie vir mekaar GEEN sondeskuld toereken nie en ons NIE van mekaar deur sondes laat vervreem nie. Ons gee en ontvang díe tipe vergifnis waarmee Christus ons vergewe. Ons kan nie van Hom as Here onbeperkte vergifnis ontvang, maar dan van hulle wat teenoor óns sondig verwag dat hulle as skuldige sondaars hulle sonde met óns regmaak deur vergifnis te VRA nie. Wie soos Petrus en geestelikes mekaar vergewe kry hoogstens 7 kanse

om hul sonde met ŉ ander reg te maak, sodat die persoon teen wie jy gesondig het sy/haar kilheid, afsydigheid en afwesigheid vir jou weer in vriendelikheid verander. Ná sewe keer is en bly hy/sy vir jou ŉ afsydige en afwesige man of vrou, pa of ma, vriend, kind, broer of suster! As verlostes in Christus het ons nie teenoor mekaar skuld om reg te maak nie, en is ons vir mekaar teenwoordige, meelewende en mededeelsame ouers, kinders, broers, susters en vriende – sodat wanneer jy vir my sê jy is

* hartseer oor wat jy met my doen, (dat jy my verontmenslik asof ek nie kan sien, hoor, praat, kan voel, nader kan kom en myself kan gee nie),
* en vir my sê dat vir my jy lief is,

ék net weer aan jou die bevestiging sal gee dat ek vir jou daar is, en saam met jou is.

Op hierdie wyse kan ons vir mekaar vergifnis vra en gee, aanhoudend onbeperk en onbegrens. Want met híérdie vergifnis bevestig ons net ons teenwoordigheid en meelewendheid met en vir mekaar... soos God in Christus óns vergewe. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.